# „BUITEN DIE KERK GEEN HEIL"

## 'N ASPEK VAN DIE KERKBEGRIP VAN AUGUSTINUS.

Kenmerkend van die Ekklesiologie is 'n mindere of meerdere mate van realisme waarmee van die kerk gespreek word. Die uiterstes hiervan is enersyds die beskouing van die kerk as suiwer heilsinstituut soos wat van die Rooms Katolieke kerk, meesal van Protestantse kant, gewoonlik aangeneem word en aan die ander kant die spiritualiste wat geen kerk erken nie. Die Protestantisme staan hier tussen-in.[1]) As suiwere uitdrukkingswyse van die kerk as heilsinstituut geld die beskouing „Buite die kerk geen heil" wat veral deur Cyprianus sterk op die voorgrond gebring is. Van Augustinus egter as verdere eksponent van hierdie beskouing dien ook kennis geneem te word, veral waar hy so 'n groot invloed gehad het op die Reformatore.

Besonder opvallend in die verlossingsleer van Augustinus is die verbondenheid daarvan aan die kerk as realiteit asook aan die sakramente.[2]) Die verlossing is in die geloof te ervaar in die kerk en hierdie geloofsrealiteit word eens in die hemel heerlike aanskouing. Hierdie verbondenheid van die verlossing aan die kerk as realiteit word al hoe meer duidelik by 'n bestudering van Augustinus se kerkbegrip in die algemeen en veral in die anti-Donatistiese geskrifte, waar besonder baie van sy gedagtes oor die kerk en die sakramente te vinde is.

Vroeg reeds het Augustinus tot die insig gekom dat die godsdiens en vroomheid nooit uitsluitlik indiwidueel, „privaat" kan wees nie. Reeds in die „Confessiones" naamlik, vind ons die volgende: „Verskriklik is u oordele o Heer, omdat u waarheid nie myne is, of die of daardie persoon s'n nie, maar van ons almal wat u roep tot gemeenskap daaraan in die openbaar (*publice*), en ons vreeslik vermaan, om dit nie „privaat" te wil hê nie, teneinde nie daarvan beroof te word nie (*ut nolimus eam habere privatam ne privemur ea*). Want as mens dit wat God ter genieting aan ons almal gegee het, vir jouself wil toeëien, word mens uit die gemeenskap gedrywe na jou eie, en dit beteken van die waarheid na die leuen."[3]) Dit hang saam met self-

---

1) vgl. W. Köhler, *Dogmengeschichte* I, Zürich 1951, s. 30 f.

2) vgl. J. A. Stoop, *Die deificatio hominis in die Sermones en Epistulae van Augustinus,* Leiden 1952, bls. 58—66.

3) *Conf.* XII, XXV, 34.

genoegsaamheid en eiegeregtigheid wat mense daartoe bring om Gods gawes as hulle eie of as eie verdienste te beskou en nie in gemeenskaplike vreugde daaroor te verkeer nie.[4]) Dit is kenmerkend van die trotsaards dat hulle hulle verheug oor hulle eie (privaat) goed en in ydele selfverheffing wegbly van die goeie wat vir ons almal gemeenskaplik is nl. God. Daarom moet ons ons liewer beywer om die gemeenskaplike van alle goed te geniet as om ons oor ons eie privaat goed te verheug, teneinde so nie meer vir onsself te lewe nie, maar vir Jesus Christus wat vir ons gesterwe het.[5])

Uit die staanspoor uit neig die godsdiens dus by Augustinus na die gemeenskaplike. Die bestaan van „privaat"-Christene soos wat vandag in die kerk so baie te vind is en veral waar die kerk die minste realisties ervaar word, word hiermee deur Augustinus beslis teengespreek. In hierdie opsig het die kerkvader wel seker 'n woord te spreek vir die kerk en vir die Christene van vandag.

Vanselfsprekend is dan dat die kerk en kerkgemeenskap die sfeer is waar die gelowige met die Waarheid die nouste kontak beleef en vanselfsprekend ook dat die kerk by Augustinus 'n baie belangrike plek inneem.

Die beskouing dat daar geen heil buite die kerk te vind is nie, is dan ook duidelik by hom aan te tref. „God is te dank oor sy heil, wat mens slegs in die katolieke kerk kan hê," skrywe Augustinus. Buite die katolieke kerk kan 'n mens alles hê behalwe die heil. Mens kan eer hê, mens kan die sakrament hê, kan „Halleluja" sing, „Amen" antwoord, die Evangelie hou, in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees geloof hê en verkondig, maar nêrens, behalwe in die katolieke kerk, is die heil te vind nie.[6]) Van Cyprianus neem hy hierdie stelling letterlik so oor.[7]) Wat in die kerk waarde het, het daarbuite geen waarde meer nie. Wie hulle lewe of besittings terwille van die waarheid en terwille van die eenheid van Christus verloor, het waarlik geloof, waarlik hoop, waarlik liefde en het ook waarlik God; „maar wie egter vir die groep van Donatus selfs 'n speld van sy kleed verloor, het nie eers 'n hart nie."[8]) Die hoogste offerdaad wat bestaan, die marteldood, het dus buite die kerk geen waarde nie.

Maar daar is nog veel meer: „Al kan buitestaanders daar buite alles hê en selfs ook nog bepaalde dinge wat net aan die gemeente gegee is, sal hulle nie Gods koninkryk binne gaan nie en wel veral omdat hulle die liefde nie het nie en dit is 'n gawe van die Heilige

---

4) *Conf.* X, XXXVII, 62.
5) *Ep.* 140, 68.
6) *Serm. ad Caes. Eccl. pleben* 7, ML. 43, col. 695.
7) *de Bapt.* IV, 24; ML. 43; col. 170.
8) *c. Gaudentium* I, XXXII, 43; CSEL 53, p. 242.

Gees, eie aan die gelowiges, waar geen vreemde deel aan het nie, ook geen ketter nie al is hy gedoop."[9]) Die liefde kan immers net in die eenheid van die kerk bewaar word en die liefde bewaar mens deur die eenheid te bewaar.[10]) Wie 'n vyand is van die eenheid is geen deelgenoot aan Gods liefde nie. Die liefde en die Heilige Gees hang met mekaar saam en gevolglik besit die wat buite die kerk is nie die Heilige Gees nie.[11]) Alleen deur met die eenheid van die kerk in verband te staan kan mens die Heilige Gees ontvang, waardeur die liefde uitgestort word in ons harte. By die Pinkstergebeure is daar vreemde tale gepraat as teken van 'n kerk wat oor die hele wêreld versprei sal word en terselfdertyd dui dit aan dat slegs dié wat met die eenheid van die kerk verbonde is, die Heilige Gees sal ontvang.[12])

Die kerk immers is die *fons signatus*, die *hortus conclusus* (Hoogl. 4, 12, 13); by albei, nl. by die *fons signatus* sowel as by die *hortus conclusus* kan geen vreemde kom nie, slegs een wat die ewige lewe waardig is.[13]) Die kerk is die enige duif (Hoogl. 6, 8), die bruid sonder vlek of rimpel (Ef. 5, 27)[14]) In die kerk egter as *hortus conclusus* in sy afgeslotenheid is nog altyd 'n aantal slegtes ook bymekaar, soos dorings waartussen die kerk as *una columba*, as lelie bloei. Die vraag is hoe hulle daarin kom. Dit is egter terug te voer tot die predestinasie. Die aantal uitverkorenes is daar, maar by hulle getal kom daar nog altyd of in verborge of in openlike afskeiding 'n menigte dorings of slegte mense by.[15])

Verder is die kerk te vergelyk met die paradys. Satan het van die begin af probeer om die mens uit die paradys uit te mislei en te verlei en so die paradys te laat verloor. Wat die paradys toe was, is die kerk nou. Kinders van die duiwel is nou die persone wat mense doodmaak deur hulle uit die paradys te verlei. Soos ons deur Gods Woord weet waar die paradys was, so weet ons deur die woord van Christus waar die kerk is. Dit is naamlik versprei deur die hele wêreld en alle nasies, vanaf Jerusalem. As iemand 'n mens hiervan aflei na enige deel, is hy 'n kind van die duiwel.[16]) Die paradys is die plek van heil en van lewe; buite die paradys verderf en onheil — geen heil buite die paradys; geen heil buite die kerk.

Die ark vorm ook 'n verdere beeld vir die kerk. Die eenheid van dieselfde ark maak die mense salig en hierin word niemand gered nie behalwe deur water heen. As hulle nie deur water heen is nie kan hulle

9) *Ep. ad cath.* (*de unitate*) 67; CSEL 52, p. 314.
10) *c. litt. Petil.* II, 172; CSEL 52, p. 107.
11) *Ep.* 185, 50; CSEL 57, p. 44.
12) *c. Crescon.* 11, 16; CSEL 52, p. 375.
13) *c. Crescon.* II, 17, 18; CSEL 52, p. 376 sq.
14) *de Bapt.* VI, 5; ML. 43, col. 199.
15) *de Bapt.* V, 38; ML. 43, col. 195.
16) *c. litt. Petil.* II, 30; CSEL 52, p. 36.

nie in die ark wees nie. In die ark wees, is in die kerk wees en dit gaan deur die water (nl. van die doop) heen.[17]) Ook hierdie beeld laat die indruk buite die kerk geen heil, want buite die ark immers beleef die mense die verderf deur die sondvloed.

As sodanig is die kerk duidelik in die wêreld te sien; dit staan uit soos 'n stad op 'n berg, waardeur Christus heers van see tot see en tot aan die eindes van die aarde. In sy verspreidheid oor die wêreld is die kerk ook die saad van Abraham.[18]) Die saad van Abraham is Christus en dit is die saad waarin al die geslagte van die aarde geseën is. In die kerk is volgens Augustinus duidelik alle nasies van Jerusalem af te erken en dit ontken alle bestaansreg van die skeurmakers wat hy bestry nl. die Donatiste, want die *pars Donati* is net tot Afrika beperk.[19]) Deur hulle beperktheid tot Afrika alleen het hulle geen aanspraak op katholisiteit nie, want katoliek beteken *„per totum"* dus die kerk oor die hele wêreld versprei. In aansluiting by Cyprianus[20]) word die kerk katoliek genoem wat soos die son sy strale oor die hele aarde versprei. Dit kan die Donatiste van hulle kerk nie sê nie.[21])

Die kerk is ook die liggaam van Christus en ook hier geld dit dat iemand wat nie onder die ledemate van Christus is nie, die saligheid nie kan hê nie.[22]) „Die hele Christus is die hoof en liggaam; die hoof is die eniggebore Seun van God, die kerk sy liggaam, bruidegom en bruid, albei in een vlees." Wie met betrekking tot die hoof afwyk van die Heilige Skrifte, hoewel sulke soort mense te vinde is oral en op alle plekke waar die kerk bestaan, verkeer nie in die kerk nie. En aan die ander kant, wie oor dieselfde hoof met die Heilige Skrifte saamstem en nie gemeenskap het met die eenheid van die kerk nie, is nie in die kerk nie, omdat hulle oor die liggaam van Christus, d.i. die kerk self, afwyk van die getuienis van Christus.[23]) Die ledemate, die kerk vorm saam met Christus as die hoof een liggaam; trouens die eenheid is so nou dat almal wat gesalf is met sy salwing *„christos"* genoem kan word.[24]) Die ketters en skeurmakers behoort nie tot hierdie liggaam nie en sal nie Gods koninkryk binnegaan nie. Al het hulle liggaamlik deel aan die sakramente van Christus, beteken dit nog nie dat hulle aan die liggaam van Christus behoort nie.[25]) Kortom, Augustinus kan sê: „die katolieke kerk alleen is die liggaam van Christus" en verder „buite hierdie liggaam maak die Heilige Gees niemand

---

17) *de Bapt.* V, 39; ML. 43, col. 196 sq.
18) *c. Cresc.* II, 45; CSEL 52, p. 405 sq.
19) *ep. ad cath.* 70; CSEL 52, p. 317 sq.*ib.* 41; CSEL 52, p. 287 et passim.
20) *de unit. eccl.* 5.
21) *c. Gaud.* II, 2; CSEL 53, p. 256.
22) *Ep. ad cath.* II, 2; CSEL 52, p. 232.
23) *Ep. ad cath.* IV, 7; CSEL 52, p. 238.
24) *de civ.* XVII, 4.
25) *c. litt. Petil.* II, 247; CSEL 52, p. 159.

lewendig nie".[26]) Dit is alweer presies dieselfde as om te sê „buite die kerk geen heil nie."

Toebehorenheid aan die kerk en aan die liggaam van Christus beteken gemeenskap (*societas*) met Christus. By die doop word die mens in hierdie verbondenheid met Christus gebring,[27]) sodat hulle aan Hom gaan behoort, aan sy familie deur aanneming.[28]) Selfs die kinders wat ongedoop is, het geen deel aan die heil nie en sal in die duisternis bly as hulle nie deur aanneming in verbinding gestel word met die volk Gods, die *populus dei*[29]) nie. Die gevolg is twee *societates* of *civitates*, een 'n *societás* van vrome mense, die ander van goddelose mense waar by die eerste liefde teenoor God die heersende gevoel is en by die tweede selfliefde.[30]).

Teenoor die *Societas Christi* kan alleen die *societas diaboli*[31]) of die *societas daemoniorum*[32]) staan. Alleen hierdie *societas Christi*, die gemeenskap met Christus of liewer verbondenheid met Christus gee reg op en lei na die ewige lewe.[33]) En waar hierdie verbondenheid aan en gemeenskap met Christus ook alweer aan die kerk geknoop is en daar te belewe is, kom ook hierdie gedagte daarop neer dat die heil uitsluitlik in die kerk te vind is.

In hierdie *societas* of *familia* is Christus koning en noem sy soldate ook konings, maar ag dit nog waardig om hulle broer te wees.[34]) Die kerk is een groot familie met een erfenis. Die gelowiges geld as broeders en susters van Christus in hulle hoedanigheid as kinders van God.[35])

Hierin is die kerk die moeder van die gelowiges met God as Vader en dit is ook nodig om God as Vader en die kerk as moeder te hê (*securi estis qui deum patrem et eius ecclesiam matrem habetis.*[36]) Die gelowiges is gebore uit die kerk as moeder en is as sodanig ledemate van Christus. Soos die maagd Maria as moeder van Christus sy ledemate voortgebring het, so doen die kerk nou.[37]) In 'n preek aan die katechumene vermaan Augustinus om hierdie moeder druk te besoek en sê verder: „Kyk wat hierdie moeder aan julle gebring het, naamlik om die skepping in verband te bring met die Skepper . . . . Niemand kan God as genadige Vader hê wat die kerk as moeder

26) *Ep.* 185, 50.
27) *de pecc. mer.* I, XVI, 21.
28) *Ep.* 187, 16; CSEL 44, p. 94.
29) *de pecc. mer.* I, 41.
30) *de civ.* XIV, 13; cf. *de catech. rud.* 31.
31) *ep.* 140,.57.
32) *ep.* 102, 19; CSEL 35, p. 561.
33) *de pecc. mer.* I, 15.
34) *ep.* 243, 1; CSEL 57, p. 68.
35) *ep.* 243, 3; CSEL 57, p. 570.
36) *c. litt. Petil.* III, 9; CSEL 52, p. 171.
37) Morin, *Misc. Ag.* I, p. 163.

verag nie."[38]) Ons liefde vir hierdie moeder vind ook nie sy uitwerking „privaat" in ons huise soos ons daar ons eie moeders liefhet nie, maar word in die openbaar beoefen, en dan wel in Gods huis, die kerkgebou. Hier mag dus geen *„privatus affectus"* wees nie, maar dit gaan hier om die hoër gemeenskap en verbondenheid met God. Dit bly steeds *societas* en *communio*[39]) en geen privaat saak nie, soos reeds hierbo uiteengesit.

Belangrik hiervan is dat die kerk as heilige en geestelike moeder daagliks vir die gelowiges geestelike spyse voorberei, waarmee nie die liggame nie, maar die siele verkwik word. „Sy bied julle hemelse brood en gee julle die kelk van heil te drink". Deur hierdie voedingsproses lei hierdie moeder die gelowiges na die ewige lewe — nog 'n rede waarom hierdie so groot (*tanta*) moeder nie verlaat mag word nie.[40]) Daarmee is die kerk ook sakramentele grootheid geword; die kerk is ook *societas sacramentorum* want deur die sakramente word ons ingewy in die ewige lewe.[41]) Deur die sakramente kom immers die so noodsaaklike verbinding en gemeenskap met Christus tot stand (*societas . . . . in illo et cum illo*) en dit is heilsnoodsaaklik. Gevolglik is ook die sakramente heilsnoodsaaklik.[42])

Die doop is so noodsaaklik dat selfs die klein kindertjies die ewige lewe nie kan hê of Gods koninkryk kan binnegaan buite die liggaam van Christus om nie en die inlywing in die liggaam van Christus vind plaas deur die doop.[43]) Maar tog is hierdie sakramente weer gebonde aan die eenheid van die kerk. Mens kan nie deel hê aan die sakramente van die Heer en nie aan sy woorde deel hê nie. Diesulkes kan uiteindelik net verwag om te hoor „Ek ken julle nie". Dit is naamlik die wat sy liggaam en bloed eet in die sakrament, dog sy ledemate wat oor die hele wêreld versprei is, nie ken nie[44]) Die eenheid is 'n noodsaaklike vooronderstelling vir die sakramente, want al die sakramente van Christus het mens nie tot saligheid nie maar tot oordeel as die liefde vir die eenheid van Christus nie daarby kom nie.[45])

Die doop bly sakrament ook by die schismatici. Dit bestaan daarbuite ook wel (as doop in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, kan dit immers nie nietig wees nie), maar buite die kerk baat dit niks; inteendeel dit kan selfs 'n beletsel vorm om Gods koninkryk binne te gaan.[46]) Tot saligheid word die

---

38) *S. Mai.* 92; *Misc. Ag. I,* p. 332 sq.
39) *ep.* 243, 4: CSEL 57, p. 571 sq.
40) *S. Mai* 92; *Misc. Ag.* I, p. 332 sq.
41) *Ep.* 249; CSEL 57, p. 592 sq.
42) *de pecc. mer.* III, 19.
43) *de pecc. mer.* III, 8; vgl. I, 38; *ep. ad cath.* 62; CSEL 52, p. 309.
44) *c. litt. Petil.* II, 126; CSEL 52, p. 91 sq.
45) *c. litt. Petil.* III, 46; CSEL 52, p. 200.
46) *c. Cresc.* 27; CSEL 52, p. 348.

ketters dus nie gebaat deur die doop nie. So kan God byvoorbeeld ook buite die kerk gedien word dog dit geskied net in onkunde en ook dit dien nie tot die saligheid nie.[47]) Die diens van God buite die kerk is dus ook sonder nut, dit is daar *ignoranter atque inutiliter* terwyl diens van God in die kerk *sapienter et salubriter* is. Buite die kerk kan God dus in onkunde vereer word, kan mens die een geloof sonder liefde hê . . . „want daar is een God, een geloof, een doop, een onverdorwe katolieke kerk, nie waarin alleen die een God vereer kan word nie, maar die enigste waarin die een God op vrome wys (*pie*) vereer word; ook nie waarin alleen die een geloof gehou word nie maar waarin alleen die een geloof met liefde gehou word; ook nie waarin alleen een doop besit word nie maar die enigste waarin die een doop heilsaam (*salubriter*) gehou word.[48]) So is dit ook met die doop: buite die kerk kan mens dit wel hê maar dit lei daar nie tot die saligheid nie.[49]) Buite die eenheid van die kerk werk die Heilige Gees ook nie die vergewing van sondes deur die sakrament nie. Buite die kerk dus kan die doop eerder tot oordeel voer en nie tot beloning nie soos 'n militêre kenteken vir 'n droster alleen gevaarlik kan wees.[51])

Met die sakrament van die liggaam en bloed van die Heer is dit presies dieselfde geval. Ook hier is dit 'n geval waar die goddelike en heilige dinge alleen maar in die weg kan staan van die wat dit sleg gebruik. T.o.v. die Avondmaal geld enersyds die noodsaaklikheid daarvan volgens Joh. 6 : 54 dog aan die ander kant ook die woord van Paulus „wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself." (I Kor. 11 : 27).[52]) Ook die Avondmaal kan dus alleen in die eenheid en liefde van die kerk nuttig tot die saligheid wees.

So noodsaaklik as wat die sakramente en die godsdiens, die kultus, tot die saligheid is, so nou is hulle dus ook verbonde aan die sfeer van die kerk.

Na alles wat hier gesê is oor die eenheid van die kerk en oor die noodwendigheid om daaraan te behoort, is dit vanselfsprekend dat Augustinus streng waarsku teen enige afskeiding van die kerk. Afskeiding van die christelike eenheid en ook van die sakramente noem hy 'n goddelose dwaling.[53]) Binne dieselfde sakramente en eenheidsgemeenskap is daar altyd goeie mense en slegtes deurmekaar, soos bv. Judas tussen die twaalf was.[54]) Die kaf en die koring is nou eenmaal saam in die kerk en dit moet so bly totdat die einde aanbreek wanneer

---

47) *de unico bapt.* VI, 8; CSEL 53, p. 9.
48) *c. Cresc.* I, 34; CSEL 52, p. 354.
49) cf. *de bapt.* V, 8; ML 43, col. 181.
50) *de bapt.* III, 22; ML 43, col. 149; cf. *de bapt.* I, 15; ML 43, col. 118.
51) *c. Cresc.* IV, 6; CSEL 52, p. 505 sq.
52) *c. Cresc.* I, 30, 31; CSEL 52, p. 351 en vgl. *de bept.* V, 9; ML 43, col. 181.
53) *c. Cresc.* II, 10; CSEL 52, p. 368.
54) *ep. ad cah.* 35; CSEL 52, p. 277.

die skeiding van Godsweë sal plaasvind. Daarom mag die goeies hulle nie terwille van die slegtes afskei van die kerk en van die sakramentsgemeenskap[55]) om 'n altaar teenoor die kerk van Christus[56]) op te rig en hulle so self aan die duiwel oor te gee nie.[57])

Samevattend kan dus gesê word dat Augustinus op een lyn staan met Cyprianus. Die heil en die verlossing is nou verbonde aan die realiteit van die kerk en die eenheid van die kerk. Buite die kerk is die heil nie te verkry nie. Vir „privaat" godsdiens is daar geen plek in sy gedagte nie, want selfs die diens van God is heilsaam en vroom slegs binne die kerk. Ook hier weer is alles per slot gebonde aan die kultus en sakramente wat alleen in die een kerk enige waarde het; alleen binne die eenheid waar die band van liefde en Gods Gees werk, is die sakramente sowel as die hele godsdiens nuttig; hier alleen kan dit as 't ware voorspel wees tot die uiteindelike hemelse heerlikheid.

Ook hier dus kan gekonkludeer word dat die saligheid by Augustinus asook die verlossing by Augustinus te ervaar is deur die geloof in die kerk as sakramentele realiteit. Wil mens dit 'n heilsinstituut noem, goed, maar dan is dit by Augustinus geen starre instituut nie, wel heilsorganisme waardeur die warmte van geloof, liefde en hoop, die warmte van lewende vroomheid die geheel verlewendig.

J. A. STOOP.